

September: Die Woord van God is 'n deurlopende herinnering aan sy troos teenoor sy kinders

Saterdag 7 September

**Skrifgedeelte: 2 Konings 2:19-25**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 19:16-17**

**Niemand sal by die oordeel van die Here verbykom nie**

Die verhaal van die 42 klein seuntjies wat deur bere verskeur is, kom skokkend oor. Verskriklik. Dit was egter nie onskuldige kinders nie. Hulle verteenwoordig die ontroue volk van God wat vanaf die oupas (en voorgeslagte) tot die kleintjies deurdrenk is van verwerping van hulle God. Wat die Here se profete spot, sy Naam beveg en hulle wend tot afgodery. Daarom kry Elisa opdrag om Gasael (generaal van die Arameërs) en Jehu (generaal van Israel) tot konings te salf. Deur die swaarde van Gasael en Jehu gaan die Here baie straf – onder andere die huis van Agab uitroei. Maar wie hulle swaarde vryspring, sal hom vasloop in die swaard van Elisa.

In kort wil dit sê dat niemand by die oordeel van die Here sal verbykom nie – ook nie klein seuntjies nie! Baie dink dat die Ou Testament met sy oordele en bloed 'n kontras is met die kruis en vergifnis van die Nuwe Testament. Maar dan het u nog nie Openbaring 14 tot 16 gelees nie. Daar lees ons dat die toorn van God bloed laat styg tot by die tooms van die perde, 1 600 kilometer ver (Op. 14:20).

Die Here het Elisa geroep met 'n swaard (1 Kon. 19:17), en tog sou Elisa ook baie wonders doen. Die wonders vertel van God se groot ontferming oor en versorging van mense in nood. Hy reinig 'n bitter fontein, wek 'n seuntjie op, laat 'n byl dryf, gee damme vol water aan 'n dorstige leër, voed 'n honderd man, genees 'n melaatse, maak 'n giftige pot met bredie voedsaam, en vul met 'n bietjie olie baie houers sodat 'n weduwee haar skuld kan betaal.

Daar was nog een insident wat ons moet noem. Elisa het die vyandige soldate wat gestuur was om hom te vang, blind Samaria ingelei. Die koning van Israel het toe aan Elisa gevra: “Moet ek hulle doodmaak?” Die antwoord was nee, sit vir hulle 'n ete voor (2 Kon. 6:22-23). Dit is die evangelie in die Ou Testament.

Eendag sal ook ons, deur sonde verblind, ons oë agter die hemelse poorte oopmaak en die doodstraf verwag. Maar danksy die kruis wag daar dan geen swaard op ons nie, maar 'n uitnodiging tot die Lam se bruilofsmaal (Op. 19:9).

*Sing: Skrifberyming 18-3:8, 9*

*Dagstukkies Almanak 2011*